| **REËLS EN REGULASIES VIR STRAATKOS KOMPETISIE** | |
|---|---|
| **Inskrywings** | Sluitingsdatum vir inskrywings is **12 April 2024** |
| | Inskrywings is gratis |
| | Skryf in via WhatsApp, deur hierdie skakel te volg. |
| **Formaat van kompetisie** | **Dit is ‘n proehappie-kompetisie.** |
| | Jou porsiegrootte word beperk tot ‘n klein bakkie of bordjie, wat ons aan jou sal voorsien. Jou porsie moet net-net groot genoeg wees vir 2/3 happies. (Dink roomysskeppie grootte as goeie aanduiding).<br><br>Jy moet vir ons teen **12 April 2024** laat weet of jy bakkies of bordjies wil hê.<br><br>Ons sal lepels ook voorsien vir die wat eetgerei benodig. |
| | Spanne wat te groot happies skep sal deur die konvenors gewaarsku word en indien hul nie hul skeppies aanpas nie sal hul gepenaliseer / gediskwalifiseer word na gelang van die oordeel van die konvenors. Almal se kos moet gelyke kans kry om geproe te word, en te groot happies benadeel ander deelnemers |
| **Hoeveel moet jy maak** | Ons vra dat almal ongeveer 100 happies maak, sodat genoeg mense van jou kos kan proe om ‘n ingeligte stem te kan uitoefen. |
| **Hoe kies ons die wenner?** | Die wenner sal weer gekies word per populêre stemming deur al die proe-deelnemers. Die stem sal by jou stasie uitgeoefen word, om stem verwarring te vermy. Die besonderhede sal op die dag aan jou verduidelik word, ten einde konkelry te vermy. |
| | ‘n Buite beoordeelaar wat nie aan die kompetisie deelneem nie gaan ‘n ekstra 5 stemme hê wat toegeken sal word aan die mooiste stalletjie. Verfraai jou stalletjie om by jou gekose kos in te pas – mens eet met die oog ook! |
| **Beperkings** | Daar is geen beperkings op wat jy kan maak nie, of hoe jy dit maak nie, behalwe dat daar nie herhaling in kositems / tipes moet wees nie. Die eerste spanne wat met sodanige kostipe inskryf kry uit die aard van die saak voorkeur. Ons gaan vra dat julle dan die besonderhede van wat jul gaan maak so gou as moontlik deurgee. |
| | Ons gaan die items wat ingeskryf word ‘n geheim hou tot op die dag van die kompetisie. |
| | Gebruik jou kreatiwiteit en dink lekker wyd! |

| | |
|---|---|
| **Jy sal voorsien word met:** | Braaidrom en hout (Jy saal teen 12 April 2024 versoek word om te bevestig of jy wel ‘n braaidrom gaan gebruik ten einde logistiek te beplan)<br><br>2 Tafels (een klein en een groot)<br><br>2 Stoele<br><br>Vullsidromme tussen stalletjies |
| | Bakkies en bordjies om proehappies in uit te skep en te bedien; |
| | Stemmeganisme by jou stalletjie |
| **Bring jou eie:** | Gazebo<br><br>As jy iets anders as ‘n oop vuur gaan gebruik om jou kos gaar te maak, moet jy alles self voorsien. |
| **Tyd** | Jy kan vanaf 10h00 jou stalletjie beman |
| | Jou kos moet gereed wees teen 14h00 en die stemme sal getel word teen 15h00 |
| | DIE WENNER SAL NET NA DIE STEMTELLING AANGEKONDIG WORD EN DIE WENNERS SAL HUL PRYS ONTVANG! |
| ONTHOU OM DIE DAG TE GENIET, DIT IS ALTYD VET PRET! | |